VINNIGE VRAE

aan Joan Hambidge

Het jy 'n hoekie of vertrek in jou huis of elders waar jy verkies om te sit en skryf?
Ek is 'n nomade; ek skryf in verskillende ruimtes – my kantoor, in my studeerkamer, in hotelle, gastehuise, restaurante.

Moet dit stil wees waar jy skryf?
Ek benodig nie stilte om te skryf nie. Ek sluit my af. Wanneer ek 'n moeilike gedig skrywe sal ek wel drie-uur die oggend opstaan en dit voltooi. Ek woon in 'n besige stad wat nooit slaap nie.

As daar wel musiek moet speel terwyl jy skryf, wat verkies jy om te hoor?
Ek luister nie na musiek terwyl ek skryf nie.

Is daar ander kunssoorte wat jou (soms) tot skryfwerk, of in die skryfproses, stimuleer?
Ja, skilderye van groot kunstenaars. Ek het vele boeke van groot kunstenaars; De Kooning is tans 'n gunsteling, en Turner.

Wat is jou gunstelingboek of 'n onlangse leeshoogtepunt?
Die digkuns van John Stammers: *Interior Night*, uitgegee deur Picador.

As dié boek 'n maaltyd was, wat sou dit wees?
Mossels in witwyn met 'n skeut knoffel en brandrissie.

Wat is jou gunstelingfliek wat op 'n boek gebaseer is?
The English Patient, gegrond op Ondaatje se roman, is 'n uitstaande fliek van Anthony Minghella, en uiteraard *Dr Zhivago* van David Lean gegrond op Pasternak se roman.

Skryf jy soms eerste weergawes van jou werk op papier of werk jy direk op die rekenaar?
Gedigte skryf ek altyd met 'n potlood in 'n kladboek met 'n leeromslag.

Lees jy resensies?
Natuurlik. Leer wat tersaaklik is en vergeet van die res ...

Wie is jou gunsteling- fiktiewe karakter(s)?
Anna Karenina, Emma Bovary, Henry van Eeden, Jock Silberstein.

Waar het jy grootgeword?
Verskillende plekke: Aliwal-Noord, Witbank, Pretoria, Standerton.

Speel plekke wat jy besoek of beleef 'n rol in jou skryfwerk? Is daar enige plekke wat jy wil uitsonder?
Uiteraard. In *Nomadiese sterre*, my jongste digbundel, skryf ek 'n gedig, "Witbank-Blues", wat handel oor my jeug.

Het jy 'n vaste roetine en mikpunte vir skryf? Byvoorbeeld, het jy vaste ure wanneer jy skryf, of 'n sekere aantal woorde wat jy per dag skryf?
Ek skryf die hele tyd; ek skryf ook wanneer ek nié skryf nie. My werk as kritikus is net so belangrik as my kreatiewe werk.

Joan Hambidge.
Foto deur Brenda Veldtman.

As jy nie geskryf het nie, waarmee sou jy graag daardie ure wou verwyl?
Dans en sing.

Wie is jou gunstelingskrywers?
Vladimir Nabokov, Saul Bellow, Philip Roth, Pablo Neruda, Borges, Sheila Cussons, NP van Wyk Louw, Elisabeth Eybers.

Is daar enige skrywers wat 'n groot invloed op jou werk gehad het?
Te veel om te noem. Mentors kom en gaan, maar Eybers en Opperman het my gevorm as digter. Die beste mentors meld hulle aan op die regte tyd in boeke.

Watter soort boeke (genres) lees jy die meeste en hoekom?
Ek lees veral poësie om te leer by ander digters.

Wat lees jy op die oomblik?
Nabokov se *Lecturers on Russian Literature* en *Afrikaanse spreekwoorde en uitdrukkings* van Kritzinger en Sabbagha.

Watter raad het jy vir jong of ongepubliseerde skrywers?
Lees soveel moontlik. Vermy skrywersbyeenkomste en klieks.

As jy aan jou jonger self raad kon gee, wat sou dit wees?
Vertrou jou eie "GPS" en hou raad of kritiek op 'n afstand. **T**

PEN Afrikaans bestaan ter wille van uitdrukkingsvryheid en die bevordering van die Afrikaanse woordkuns. In die Vinnige vrae-*reeks leer ons telkens een van ons lede van naderby ken.*

pen Afrikaans

UITTREKSEL UIT "WITBANK-BLUES", MET VERGUNNING VAN DIE DIGTER

ii
Op die grasperk sit ons uitgestal:
die vier susters in mooiste Sondagklere
toe Pa 'n foto neem. Skroomvallig
die Oudste; AnderSus kyk, soos altyd, oopoog
in die son; die Kleinsus laggend op my skoot.

12 Watermeyerstraat, Witbank. 1964.
Ma speel klavier, ons doen huiswerk
en saans kla Pa oor sy lang ure by Ou Mutual,
terwyl die baba eentonig begin te hoes.

Ma verlang na die blou-blou berge van die Boland
tussen die mynhope, besoedeling, beproewinge
van kinders grootmaak en afbetaal aan 'n huisverband.
"O blou-blou berge van die Boland,"
sing sy vanaand,
verlangend asof in 'n vreemde land.